# Massa Stap vir Bybels tydens Kalahari Kuierfees

## Saterdag 5 November 2016 om 08:00

**GEMSBOK-UPINGTON: 'n Wonderlike geleentheid om Bybelverspreiding te bevorder doen hom voor tydens die 16de jaarlikse Upington Toyota Kalahari Kuierfees se Lekker stap vir Bybels waartydens ons die 196ste verjaarsdag van die Bybelgenootskap in SA vier.**

Die grootste van alles bly nog elke skool (kind) se gereelde en volgehoue en ondersteuning wat die hartklop vorm van die Bybelgenootskap.

Een so 'n geleentheid is die UPINGTON TOYOTA LEKKERSTAP VIR BYBELS tydens die Kuierfees op Saterdag 5 November 2016 om 8h00. (LW 8 uur)

LW: Die stap vind plaas net buite die Eiland (ou brug) (geen toegangsgelde nie – klem val op die fees) en elke stapper sal 'n gratis Bybelgenootskap medalje van die Bybelgenootskap ontvang (geborg deur UPINGTON TOYOTA). Geen inskrywingsgeld word vir die stap gevra nie! Donasies kan gemaak word.

Kom ons gebruik hierdie wonderlike geleentheid vir Bybelverspreiding waar ons borg baie moeite doen in hierdie verband.

Verlede jaar se Upington Toyota Lekker stap vir Bybels het 'n rekord bedrag van R66 000.00 (1571 Bybels) ingebring met 450 stappers.

Hiermee saam word skole uitgedaag om hulself sigbaar te maak deur die vertoon van baniere, plakkate met die skool se naam. Skole kan dus hul eie identiteit op hierdie dag ten toon stel. Demonstreer aan die wêreld (gemeenskap) dat ons die norme en waardes van die Skrif bely en uitleef!

Upington Toyota wat die 16e jaar as borg vir die Bybelstap instaan, onderneem om ook heelwat pryse vir gelukstrekkings aan te bied wat stappers kan losstap. n Glasie koeldrank sal ook verskaf word by die eindpunt.

Afstande van 1km (bejaardes en kinders) en 5km word afgelê deur die proefplaas. Begin - en eindpunt is die ou brug buite die Eiland. Gratis parkering is voldoende by die Eiland.




*Die groep Upington Toyota stappers het almal deelgeneem aan die Lekkerstap vir Bybels.*

Kom ons as skole dank die Here vir 196 jaar se Bybelverspreidingswerk deur die Bybelgenootskap in SA en vir 'n eie Bybel, via stap vir Bybels, dat ons met alle gelowiges dit in gemeen het – dat God se Woord spoedig ook sy loop moet neem – aangesien slegs 563 tale van 7 000 tale wêreldwyd 'n volledige Bybel het. (Afrikaans reeds 83 jaar) 3952 tale het nog niks van die Bybel op skrif nie! Kontak Melanie of Karen by Upington Toyota 054 337 7 100 vir meer besonderhede.

**VAKATURE BESKIKBAAR**

**ONTVANGS-/ KANTOORDAME**

**Toerisme en gastehuis / lodge ondervinding sal tot voordeel wees.**

**E-pos CV na bworld@mweb.co.za**

ORANGE RIVER CELLARS

Oranjerivier Wynkelders is 'n gevestigde onderneming met vyf wynkelders en drie sapkelders geleë langs die Oranjerivier, waar 'n reeks voortreflike wyne berei word. 'n Professionele en vriendelike persoon met baie goeie menseverhoudinge word benodig om die volgende posisie by die kelder in **Upington** te beklee:

**ADMINISTRATIEWE KLERK: UPINGTON KELDER**

Die suksesvolle kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Senior sertifikaat/Matriek;
- Rekenaarvaardigheid in MS Office;
- Goeie interpersoonlike vaardighede;
- Bereidwilligheid om interne stelsels te bemeester.

U sal verantwoordelik wees vir die volgende funksies:

- Algemene kantoor administrasie verbonde aan kelderaktiwiteite;
- Rekordhouding en liassering;
- Personeel/lone administrasie;
- Kontrolering van voorraad;
- Instandhouding van FSSC 22 000 Kwaliteitsbestuur stelsel;
- Administrasie en ineem van produk in parstyd.

Die vergoedingspakket is onderhandelbaar en word vasgestel ooreenkomstig posvereistes, kwalifikasies en ondervinding. Voordele wat in die pakket vervat word sluit in lidmaatskap tot 'n mediese- en aftreefonds asook ruim jaarlikse verlof.

Rig aansoeke met volledige CV aan: Die Groep Menslike Hulpbronnebestuurder:
Posbus 544
Upington
8800

Aansoeke kan per e pos gestuur word aan: hr@owk.co.za Vir meer inligting kan u met Johan Esterhuizen skakel by 054 3378800.

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 24 Oktober 2016**

Kandidate wat geen reaksie ontvang 4 weke na die sluitingsdatum nie kan aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was.

**Adverteer by ons en sien hoe jou besprekings inrol!**

# DAGBOEK/ DIARY

**Is daar 'n belangrike gebeurtenis in jou dorp, jou maatskappy of organisasie dalk in die pyplyn?**

Is 'n bekende vermaaklikheidster of kunstenaar die hoogtepunt op die plaaslike sosiale kalender en wil jy graag baie voete daar hê?

Komaan - neem die voortou - adverteer jou "event" in die Gemsbok (jou publikasie se naam) se Dagboek/Diary teen slegs R60 vir 30 woorde of R120 vir 60 woorde (BTW ingesluit) en staan 'n kans om 'n pragtige volkleur-advertensie ter waarde van duisende rand te wen!

Die wenner sal elke maand in 'n gelukkige trekking bepaal word - gaan na ons webwerf, **www.northwestprinters.co.za kies Gemsbok** om jou "event" in Dagboek te adverteer om te kwalifiseer!

Wees slim – adverteer by ons en glimlag al die pad bank toe!

Ons wat 'n boerdery net buite Kakamas bedryf, beskik oor die volgende uitdagende geleentheid vir 'n geduldige, hulpvaardige junior in die volgende pos:

**DAGMOEDER**
**(Kakamas Omgewing)**

Minimum vereiste is Matriek ondersteun deur 'n natuurlike aanleg met kinders en 2-3 jaar soortgelyke ondervinding, indien u oor 'n toepaslike tersiêre kwalifikasie in opvoeding beskik sal dit in u guns tel.

Verdere vereistes sluit in bo-gemiddelde menseverhoudinge, natuurlike aanvoeling vir kinders, geduldige benadering en taalvaardigheid in Afrikaans en Engels. Eie vervoer met bestuurderslisensie is noodsaaklik. Noodhulp kennis sal as verdere aanbeveling dien.

Pligte gaan ondermeer insluit die daaglikse versorging van 3 voorskoolse kinders van Maandag tot Vrydag, asook opvoeding en daaglikse stimulasie program.

Daar sal van die kandidaat verwag word om ongereelde ure beskikbaar te wees wat deel sal uitmaak van verantwoordelikheid.

**Rig u CV met verwysing DAG voor 26 November 2016 aan:**

**MARTHIA BOTHA**
**BEMARKINGS BESTUURDER**
**E-mail: mspan@isat.co.za**
**Fax: (054) 431 0870**

*Indien u nie binne drie weke na die sluitingsdatum gekontak word nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.*

**PRE-QUALIFICATION NOTICE**

**Rainbow Civils** invites pre-qualification applications from experienced **subcontractors** for Contract NRA N.014-048-2016/1 for the Routine Road Maintenance of National Route 'l 4 Sections 4 to 8 between Keimoes and Northern Cape / North West Border on behalf of the South African National Roads Agency SOC Limited (SANRAL). This project is in the province of Northern Cape and the district municipalities of ZF Mgcawu and John Taolo Gaetsewe.

Subcontractors are required for the following subcontracts 5 for Litter Picking and 2 for General Maintenance.

Only subcontractors who are registered with the Construction Industry Development Board (CIDB) in a contractor grading designation from 1CE to 3 CE for Litter picking and debris collection, and 4CE to 6CE for General Maintenance and status as potentially emerging are eligible to apply.

A **compulsory** information briefing meeting will take place on **27 October 2016** at '10:00 at **6 Vooruit Street, Upington, 8801** where prospective Applicants shall meet the Project Management Team Submissions from applicants arriving late at this meetinq shall be deemed non-responsive.

Pre-qualification Application documents will only be made available at the information briefing meeting.

Applicants must be represented at the information briefing meeting by a representative who must be the Applicant himself or an authorised person in the direct employ of the Applicant.

The Pre-qualification Application and supporting documents shall be sealed in an envelope or package clearly marked **"Pre-qualification for Subcontract No N.014-048-2016/1 for the Routine Road Maintenance of Nationa! Route 14 Sections 4 to 8 between Keimoes and Northern Cape / North West Border"** and shall be delivered by hand to the Site Office at 6 Vooruit Street, Upington, 8801. Telephonic, telegraphic, telex, facsimile,e-mailed or electronic applications will not be accepted.

**In all cases the Pre-qualification Application Document shall reach the stipulated address not later than 14:00 on 11 November 2016.**

Late submissions will not be accepted.

Queries relating to issues arising from this document may be addressed to:

Technical
Mr: Azola Mayatula &
Tel No: 083 461 8567
Fax No:086 632 6944
E-mail: azola@rics.co.za

Directions
Pieter Jansen
060 542 1777

MOKGOPE consulting

**PUBLIEKE DEELNAME PROSES OMVANGSBEPALING**

**VOORGESTELDE AGGENEYS TOT PAULPUTS 400KV TRANSMISSIE KRAGLYNE EN SUBSTASIES OPGRADERING, NOORD-KAAP PROVINSIE**

**Projek voorstel**: Voorgestelde lineêre ontwikkeling van 'n 400KV transmissie kraglyn hardloop ongeveer 97km van die Aggeneys substasie tot Paulputs substasie en die opgradering van hierdie substasies.

**Plek:** Aggeneys substasie is geleë ongeveer 5km Suidwes van Aggeneys en Paulputs substasie is geleë ongeveer 35km Noordoos van Pofadder. Die twee substasies is gebaseer in die Khai-Ma Munisipaliteit en binne die grense van die Namakwa Distrik Munisipaliteit.

**Projek Aansoeker:** Eskom Holdings SOC Ltd

**Aansoek om omgewingsmagtiging om die volgende aktiwiteite te onderneem:**
2014 EIA Regulasies Aktiwiteite:
GN R983: Lys Kennisgewing 1: 14; 27; and 47.
GN R984: Lys Kennisgewing 2: 9
GN R985: Lys Kennisgewing 3: 14 (xii) (a) (c) a (ii) (bb) (ff).

**Geleentheid om deel te neem:**
Belanghebbende en geaffekteerde partye word uitgenooi om te registreer op die Databasis wat verwys vir hierdie projek. As jy meer inligting wil ontvang oor die projek, verskaf jou naam, kontak besonderhede en 'n aanduiding van enige direkte sake-, finansiële, persoonlike of ander belange wat u mag hê in die aansoek, aan die kontakpersoon hieronder aangedui by die 1st November 2016.

Die Konsep Omvangbepalingsverslag sal beskikbaar wees vir hersiening vanaf 21 Oktober tot 22 November 2016 by die biblioteke in die dorpe van Pofadder en Pella; en op die Rec Klub in Aggeneys, sowel as op die Mokgope webwerf: www.mokgope.co.za.

**PUBLIEKE VERGADERINGS:**

| Plek | Datum | Tyd |
|---|---|---|
| Aggeneys Rec Klub, in Aggeneys | Dinsdag 25 Oktober 2016 | 10:00 |
| Pella biblioteek Saal, in Pella | Dinsdag 25 Oktober 2016 | 14:00 |
| Pofadder Hotel, in Pofadder | Woensdag 26 Oktober 2016 | 10:00 |

Indien jy een van hierdie vergaderings wil bywoon, kontak asseblief die persoon hieronder aangedui vir verdere inligting.
**Kontak:** Ms Judith Fasheun - Mokgope Consulting cc, PO Box 2363, Highlands North, Jhb, 2037.
**Tel:** 076 876 2672. **Faks:** 086 607 9481. **E-pos:** judy@mokgope.co.za
**Studie gedoen deur Mokgope Konsultante namens Eskom Holdings SOC Beperk**